## KONTAKBESONDERHEDE


Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Hendrik | Coetzer | 09/21 |
| Wiani | van Wyk | 09/21 |
| Helise | Beukes | 09/22 |
| Marietjie | Hansen | 09/22 |
| Antonie | Venter | 09/22 |
| Arno | Vosloo | 09/22 |
| Niel | Bester | 09/23 |
| Dawid | Grebe | 09/23 |
| Sandra | Senekal | 09/23 |
| Rossouw | Venter | 09/23 |
| Ellen | Green | 09/24 |
| Jacobus | Louwrens | 09/24 |
| Elna | Zeelie | 09/24 |
| Marthi | Harmse | 09/25 |
| Philip | Liebenberg | 09/25 |
| Rika | Carstens | 09/26 |
| Philip | du Toit | 09/26 |
| Rina | Eckley | 09/26 |
| Tol | le Roux | 09/26 |
| Nico | Esterhuyse | 09/27 |
| Lizbé | Pretorius | 09/27 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

21 September 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 21/09**
**Toerustingsondag**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Spesiale Kollekte:
Barmhartigheid
Kategese
**Woensdag**
Erfenisdag
*Geen gebedsgeleentheid*

**EREDIENSTYE 28/09**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Kategese
Spesiale Kollekte:
Lidmaatbediening
**Woensdag 01/10/2025**
*17h30 Gebedsgeleentheid*

### NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Ricardo en Cornee Claassen van NGK Colesberg.

### NAGMAAL - NOODSPENS

Ons gebruik is om tydens elke NAGMAAL 'n NIE-BEDERFBARE item of skoonmaakmiddels of toiletware kerk toe te bring vir ons NOODSPENS. Daar is mandjies daarvoor in die Kerk se voor-portaal. DANKIE BY VOORBAAT.

### NUWE INTREKKERSBOEK

As jy nuut is in ons gemeente, skryf gerus jou besonderhede in die nuwe intrekkersboek. Daar lê so 'n boek in albei ons kerkgeboue. Ons sal jou graag beter wil leer ken.

**STRAATWERK** "2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad. 'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.

**Teksvers vir die week:**
Ps 113:1 - 2. Prys, dienaars van die Here, prys die Naam van die Here! Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd.

## Ons bid vir...

1. Behoeftiges
2. Die bewaring van ons erfenis
3. Sagte harte en oop arms om die mense in nood by te staan
4. Reën vir die boere
5. Deelnemers en organiseerders van die Voet van Afrika - vasbyt!
6. Marietjie Bruwer—herstel

## DANKIE VIR

1. Karin Michau, Netta Smith en Lidia Laing wat die verversings voorberei het vir die 80-Plusserstee
2. Ds. Pierre en Mona Marais wat die program aangebied het
3. Tertius Groenewald en ander wat kaartjies uitgedeel het
4. Max Michau en diegene wat help gaste aanry het
5. Die dekorspan wat die saal versier het

## BARMHARTIGHEIDBASAAR 4 Oktober

Skakel asseblief met Marietjie Hansen (084 408 9472) as jy produkte wil skenk of wil help met die basaar vir Barmhartigheid. Indien jy poeding kan maak, kontak asb vir Cecile 0721966879. Bring asb leë2 lt roomysbakke Kerkkantoor toe. As jy klere of bykomstighede wil skenk wat nog in 'n goeie toestand is, kan jy dit by die Kerkkantoor afgee, Dinsdae tot Donderdae, 09h00 tot 12h00, gemerk JOANIE (072 519 3170). Daar word pannekoek, jaffels, koek, terte, poeding, vetkoeke, kerrievleis, boeke, wit olifante en tweedekansklere verkoop.

## COENIE DE VILLIERS

Kaartjies vir ons koor se optrede saam met Coenie kan by Letty-Ann Möller (076 712 9026) bespreek word. Die konsert geskied op 20 Oktober in Bredasdorp se NG Kerksaal.

# Doen & Deel

## MAAK HARTE WARM

Anton was 'n Joodse bakker wat eens op 'n tyd een van Duitsland se mees geliefde bakkerye besit het.
Toe mense hom vra hoe hy die volkslagting (Holocaust) oorleef het, het hy die volgende storie met hulle gedeel:
Dit het begin op 'n trein wat bestem was vir Auschwitz, waar hy en vele ander ingeprop was in vriesende waens, sonder kos, water of jasse. Buite het dit gesneeu en die dood het in die bitter koue lug gehang.
Onder die gevangenes was 'n ou man wat die hele nag onbeheersd gebewe het. Anton, self ook verkluimd, het met sy hande die man se arms, gesig en bene warm gevryf.
Hy het hom moed ingepraat en hom styf vasgehou tot die oggend toe.
Toe dit dag was, het Anton 'n hartverskeurende ontdekking gemaak: al die ander mense het omgekom van die koue. Net hy en die ou man het nog geleef - warm gehou deur die hitte wat hulle gedeel het. Die les wat Anton hieruit geleer het en wat hom sy lewe lank bygebly het, was dat die geheim van oorlewing is om die harte van ander mense warm te maak. As jy warmte gee, ontvang jy warmte. As jy iemand help lewe, sal jy ook lewe. Dit was 'n waarheid wat in die donkerste tye weer vorendag gekom het, 'n herinnering dat die mensdom se krag in deernis en omgee vir jou medemens lê.

## KOOR

Ondersteun asseblief ons fondsinsameling. R20- Lootjies is te koop. Donasies is welkom.
Die kwilt kan in Struisbaaikerk besigtig word. Baie dankie vir diegene wat alreeds ondersteun het.